

Maandag

Skriflesing Joh.1:1-17; 8: 42-47; 1 Joh.1: 5: -2: 4; 1 Joh. 5: 18-21; Teks Joh. 1:17.

Tema Christus bring vir ons ware genade en genadige waarheid. Johannes beskryf die koms van Christus met die twee woorde “genade en waarheid” wat die dubbele betekenis het van ware genade en genadige waarheid. Wie Christus is en wat Christus doen ís die waarheid! Christus stel dit só: “Ek moet oor die waarheid getuigenis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê.” 18: 37 Christus se getuigenis is nie ’n vertelling nie. Dit is die openbaring van die waarheid oor wie God is en wat God doen. Christus wys met die woorde “hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom” dat sy geboorte as mens, sy lyding onder Pontius Pilatus, sy kruising, sterwe en opstanding ís die waarheid van God! Christus is God se ware genade en genadige waarheid oor ons sonde. God se waarheid is dat Jesus Christus, deur sy geboorte vir ons VANDAG die regverdige mens in die hemel is, wat vir ons die veroordeelde sondaar WAS, wat ons self nooit vir GOD is of sal wees nie. 1 Joh.2:1 Hy is NOU die regverdige wat ons sonde en straf vir ons WAS in sy oordeel, vervloeking en straf. Omdat Christus vir ons sondes geoordeel, vervloek en gestraf is, kan ons nie maak asof ons geen sonde het nie. Daarom is God se waarheid in Christus dat ons sonde doen. 1 Joh.1: 8. Maar... dit is ’n GENADIGE waarheid binne WARE genade want wanneer ons hierdie waarheid (dat ons sondig is en sonde doen), oor onself erken, dan is dit oor sonde waarvan ons gereinig IS en van vergewe IS. Ds Petrus.

Dinsdag

Skriflesing Joh.1:1-17; 8: 42-47. Christus stel aan die Jode in Joh. 8:43-47 dat hulle die leuen van hul vader, die duiwel leef. Die leuen van die duiwel is dat hy van Christus se ware genade en genadige waarheid, wrede genade en ongenaakbare waarheid maak. Christus openbaar dat hierdie duiwelse geestelikheid is - niks anders as moord nie (8: 44). Só wys die Here dat die Joodse geestelikheid, soos alle duiwelse geestelikhede, mense verniel, verwoes en vernietig terwyl dit as God se liefde voorgehou word. Die ongenaakbare waarheid van die duiwel is dat mense hulle self as sondaars onder die oordeel, vervloeking, straf en verwerping van God moet stel as die wyse waarop hulle hul saak met God self moet regmaak. Die wrede genade van die duiwel is dat mense hul self vir hul sonde moet aankla, veroordeel, verwyt en dan, volgens die aard van ’n moordenaar, hul “eie-ek” moet kruisig, hul innerlike self moet doodmaak, hul eie lewe moet opoffer en in selfverwerping hul self niks vir God moet maak. Die duiwel se wrede genade en ongenaakbare waarheid is nie maar net ’n variasie van Christus se genadige waarheid en ware genade nie. Dit is heeltemal teenoorgesteld en vals! Christus ís die waarheid van God en die duiwel ís die leuen oor God. Christus wys die duiwel se kinders kan nooit begryp of verstaan wat is sy ware genade en genadige waarheid nie. Hulle verstaan net die duiwel se wrede genade en ongenaakbare waarheid omdat hulle net soos hul vader mense en menswees haat. Hulle haat God se waarheid oor sonde (nl dat mense sondaars is, maar dat Jesus vir ons voor God veroordeel is). Hulle glo en verkondig

die leuen dat vernieling van menswees deur SELF-VEROORDELING (nie CHRISTUS se veroordeling nie) redding is! Ds Petrus.

Woensdag

Skriflesing Joh.1:1-17; 8: 42-47. Die verskil tussen Christus se ware genade en genadige waarheid, en die duiwel se wrede genade en ongenaakbare waarheid, is die verskil tussen lig en duisternis. Christus se lewe is die lig wat mense verlig. Joh. 1: 4 en 9. Christus se lewe is die lewe van God wat mens geword het. Christus leef VANDAG die lewe van die regverdige mens wat ons nie kan leef nie en HET die lewe van die veroordeelde en skuldige mens voor God geleef. Christus se lewe in ons plek, vir ons, is die ware genade en genadige waarheid wat lig is en ons verlig. Wat beteken hierdie verligting? Die apostel stel in 1 Joh 1: 5 só: “God is lig en daar is geen duisternis in Hom nie.” Hierdie stelling het dieselfde inhoud en betekenis as die stelling “God is liefde” in 1 Joh 4: 16. God is liefde wat net liefde is en niks anders kan wees as liefde nie. God kan nie kwaadwillig liefhê, selfsugtig liefhê, vyandig liefhê of wellustig liefhê nie. God se liefde is ware liefde! Ware genade en genadige waarheid, is dat God ons as sondaars insluit en laat deel in die lewe van Christus sodat ons in hierdie gemeenskap met Christus, ingesluit is in die liefde van God. Wie ingesluit is en deel in hierdie liefde van God wat ware liefde is, hulle ken en ontdek sonde as sonde en ken en ontdek liefde as liefde. Dit is wat verligting deur die lewe wat lig is beteken. Daarom is dit deur die Here Jesus se ware genade en genadige waarheid dat Hy ons insluit in sy lewe, en so omsluit met God se liefde, dat ons verlig word om sonde te ken en van weg te vlug en om lief te hê volgens sy gebooie. Sy liefde verlig ons tót liefde volgens sy wet. 1 Joh. 5: 1-5. preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za
Ds Petrus.

Donderdag

Skriflesing Joh.1:1-17; 8: 42-47. Die duiwel se valse verlossing is nie net nog 'n manier waarop mense van sonde verlos word nie. Dit is die manier waarop mense só in sonde vasgevang word dat daar geen uitkoms uit sonde is nie. Wanneer jou verlossing vals is, dan is daar nie verlossing van sonde nie. Johannes noem hierdie gevangenskap in sonde (sonder dat daar verlossing kan wees), duisternis. Johannes beskryf duisternis in 1 Joh 2:4 só: “Iemand wat sê: “Ek ken Hom, maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie.” (vgl. ook 1 Joh 4: 20) Hierdie verse beteken nie dat gelowiges elke gebod onderhou, nooit oortree en nie liefdeloos kan op te tree nie - hulle doen steeds! So 'n opvatting is teen alles wat juis in 1 Joh. 1: 8- 10 gestel word. Hierdie duisternis gaan oor om sonde as die waarheid te leef, om sonde jou lig maak. Dit is wat die profete van die Ou Testament (Jes. 44: 20) en Paulus in Romeine 1: 25,26,28 “verdraaide opvattinge noem.” Dit is om sonde as liefde te glo en te leef. Byvoorbeeld: mense leef jaloesie as liefde uit deur hulle eie besitlikheid van ander mense as liefde glo. Besitlikheid gaan oor afguns en naywer. Besitlikheid skep die aanvoeling van sorg en omgee, maar dit is nie. Dit is om mense gevange te neem en in hul self gevange

te maak. Maar liefde is om jouself te gee en jou self toe te wy aan ander. Hierdie jaloerse "liefde" verniel, verwoes en vernietig die vrye menswees om jou self vir 'n ander te gee en aan toe te wy, en skep 'n gevangeheid waarin daar geen toewyding kan wees nie. So maak mense besitlikheid, "lig" en "liefde" duisternis! Die duiwel se verlossing verlos mense nie uit hierdie duisternis nie maar verseël (sit 'n deksel op) hulle sonde as sogenaamde ware liefde. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Vrydag

Skriflesing Joh.1:1-17; 8: 42-47. Die duiwel en sy kinders se verlossing verstrengel mense vas in sonde met hulle ongenaakbare en wrede leuen dat jy jouself voor God se oordeel moet aankla, veroordeel, beskuldig en niks laat wees nie. In elke verhouding (ook met ander mense) is dit vir hulle hoe jy jouself verlos en met ander versoen: jy moet altyd vir alles jou self aankla, veroordeel, beskuldig en niks maak nie. Met hierdie selfvernieling, selfverwoesting en selfvernietiging maak jy jouself weerloos, ondergeskik, gedienstig en onderworpe aan die duiwel en sy kinders wat hulle sonde as liefde glo en verkondig. Neem weer besitlikheid as voorbeeld: teenoor die besitlikheid van 'n man, vrou, kind of ouers moet jy jou self aankla, veroordeel, beskuldig en niks maak nie. So maak jy jouself weerloos, ondergeskik, gedienstig en onderworpe om ander se besitlikheid as "liefde" te moet aanvaar. Dan maak jy met die duiwel se leuen van 'n valse redding dat jy jouself aan iemand anders se besitlikheid moet onderwerp asof dit liefde is. Om jouself ondergeskik en onderworpe aan ander se besitlikheid te maak, is nie liefde nie. Dit is selfminagting! Teenoor die selfsugtigheid van 'n man, vrou, kind of ouer moet jy jou self altyd aankla, beskuldig, veroordeel en niks wees nie. En omdat jy inkoop in die leuen (die leuen glo) maak jy jouself weerloos, ondergeskik, gedienstig en onderworpe aan selfsugtigheid asof dit jou ware liefde in hierdie selfsugtigheid sou wees. Om jouself weerloos en gedienstig aan selfsugtigheid te maak, is nie liefde nie. Dit is selfhaat! Die leuen van valse redding verstrengel jou binne sonde asof dit liefde is! Die leuen van valse verlossing is nie maar net jou eie manier van verlossing nie. Wanneer jou "verlossing" geen verlossing is nie, dan is dit gevangenisskap in sonde - nie verlossing van sonde nie. Ds Petrus.